



DIE PROVINSIE TRANSVAAL
Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

PRICE: S.A. 10c OVERSEAS 15c

VOL. 220

PRETORIA 25 FEBRUARIE
25 FEBRUARY, 1976

3804

No. 27 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

*deur sy'Edele die Administrateur van die
Provinsie Transvaal.*

Nademaal artikel 45 van die Onderwysordonnansie, 1953, bepaal dat enige provinsiale onderwysinrigting (uitgenome 'n laerskool) in die Eerste Bylae tot genoemde Ordonnansie ingesluit kan word;

En nademaal dit dienstig geag word om die Hoër Handelskool Op't Hof geleë in die Skoolraadsdistrik van Germiston in Deel (A) van die Eerste Bylae tot genoemde Ordonnansie in te sluit;

En nademaal die bepalinge van artikel 45 van genoemde Ordonnansie nagekom is;

So is dit dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdheid my in artikel 45 van genoemde Ordonnansie verleen hierby die Hoër Handelskool Op't Hof geleë in die Skoolraadsdistrik van Germiston in Deel (A) van die Eerste Bylae tot genoemde Ordonnansie insluit.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 6de dag van Februarie, Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.O. In 1665-1
25—3

No. 28 (Administrateurs-), 1976.

PROKLAMASIE

*deur sy'Edele die Administrateur van die
Provinsie Transvaal.*

Kragtens die bevoegdheid aan my verleen by artikel 14(3) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943) proklameer ek hierby dat die gebied omskryf in die Bylae hierby uit die regsgebied van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede met ingang van die datum van hierdie proklamasie uitgesny word.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 6de dag van Februarie, Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 3-2-3-4

No. 27 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

*by the Honourable the Administrator of the
Province Transvaal.*

Whereas it is provided by section 45 of the Education Ordinance, 1953, that any provincial educational institution (other than a primary school) may be included in the First Schedule to the said Ordinance;

And whereas it is deemed expedient to include the Hoër Handelskool Op't Hof situated in the School Board District of Germiston in Part (A) of the First Schedule to the said Ordinance;

And whereas the provisions of section 45 of the said Ordinance have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 45 of the said Ordinance, I hereby include the Hoër Handelskool Op't Hof situated in the School Board District of Germiston in Part (A) of the First Schedule to the said Ordinance.

Given under my Hand at Pretoria, this 6th day of February, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
T.O. In 1665-1
25—3

No. 28 (Administrator's), 1976.

PROCLAMATION

*by the Honourable the Administrator of the
Province Transvaal.*

Under the powers vested in me by section 14(3) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943) I do hereby proclaim that the area described in the Schedule hereto, is hereby excluded from the area of jurisdiction of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, with effect from the date of this proclamation.

Given under my Hand at Pretoria, this 6th day of February, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 3-2-3-4

BYLAE.

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING
VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: VERANDE-
RING VAN RAAD SE REGSGEBIED.

Die volgende gedeeltes van die plaas Kromvlei 142-I.R.: —

(1) Gedeelte 4 ('n gedeelte van Gedeelte 3) groot 28,3249 ha volgens Kaart L.G. A.2742/41 en

(2) Gedeelte 5 ('n gedeelte van Gedeelte 1) groot 21,5041 ha volgens Kaart L.G. A.7652/74.

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 213 25 Februarie 1976

MUNISIPALITEIT VEREENIGING: VOORGESTEL-
DE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Vereeniging 'n versoëkskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit Vereeniging verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoëkskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk Vereeniging, ter insae.

PB. 3-2-3-36

BYLAE.

MUNISIPALITEIT VEREENIGING: BESKRYWING
VAN GEBIEDE INGELYF TE WORD.

1. Gedeelte 44 van die plaas Uitvlugt 434-I.R. groot 60,7027 ha volgens Kaart L.G. A.2628/60.

2. Gedeelte 48 van die plaas Uitvlugt 434-I.R. groot 130,6791 ha volgens Kaart L.G. A.6177/70.

3. Gedeelte 49 van die plaas Uitvlugt 434-I.R. groot 209,6277 ha volgens Kaart L.G. A.6178/70.

4. Gedeelte 4 van die plaas Panfontein 437-I.R. groot 269,8620 ha volgens Kaart L.G. A.6179/70.

25—3—10

SCHEDULE.

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT
OF PERI-URBAN AREAS: ALTERATION OF AREA
OF JURISDICTION.

The following portions of the farm Kromvlei 142-I.R.: —

(1) Portion 4 (a portion of Portion 3), in extent 28,3249 ha, vide Diagram S.G. A.2742/41, and

(2) Portion 5 (a portion of Portion 1), in extent 21,5041 ha vide Diagram S.G. A.7652/74.

ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 213 25 February, 1976

VEREENIGING MUNICIPALITY: PROPOSED AL-
TERATION OF BOUNDARIES.

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Vereeniging has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of the Vereeniging Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to direct to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria and at the office of the Town Clerk of Vereeniging.

PB. 3-2-3-36

SCHEDULE.

VEREENIGING MUNICIPALITY: DESCRIPTION OF
AREAS TO BE INCLUDED.

1. Portion 44 of the farm Uitvlugt 434-I.R. in extent 60,7027 ha, vide Diagram S.G. A.2628/60.

2. Portion 48 of the farm Uitvlugt 434-I.R. in extent 130,6791 ha vide Diagram S.G. A.6177/70.

3. Portion 49 of the farm Uitvlugt 434-I.R. in extent 209,6277 ha vide Diagram S.G. A.6178/70.

4. Portion 4 of the farm Panfontein 437-I.R. in extent 269,8620 ha vide Diagram S.G. A.6179/70.

25—3—10

Administrateurskennisgewing 214 25 Februarie 1976

MUNISIPALITEIT ALBERTON: VERANDERING VAN GRENSE.

Die Administrateur het ingevolge artikel 9(7) van Ordonnansie 17 van 1939 die grense van die Munisipaliteit Alberton verander deur die inlywing daarby van Gedeelte 4 ('n gedeelte van Gedeelte 3), groot 28,3249 hektaar, volgens Kaart L.G. A.2742/41 en Gedeelte 5 ('n gedeelte van Gedeelte 1) groot 21,5041 hektaar, volgens Kaart L.G. A.7652/74 van die plaas Kromvlei 142-I.R.

PB. 3-2-3-4

Administrateurskennisgewing 215 25 Februarie 1976

MUNISIPALITEIT BEDFORDVIEW: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1044 van 19 November 1952, en *mutatis mutandis* van toepassing gemaak op die Munisipaliteit Bedfordview by Administrateurskennisgewing 36 van 21 Januarie 1953, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur aan die end van item 2(2) van die Tarief van Gelde onder Aanhangsel XX van Bylae I by Hoofstuk 3 die volgende by te voeg:

“, behalwe die vordering vir 'n 20 mm huishoudelike aansluiting wat 'n vasgestelde bedrag van R85 bedra.”

PB. 2-4-2-104-46

Administrateurskennisgewing 216 25 Februarie 1976

GESONDHEIDSKOMITEE VAN WATERVAL-BOVEN: WYSIGING VAN WATERTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 164(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 126(1) (a) van genoemde Ordonnansie gemaak is.

Die Watertarief van die Gesondheidskomitee van Waterval-Boven, afgekondig by Administrateurskennisgewing 633 van 16 Oktober 1963, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 1 deur die volgende te vervang:

“1. Gelde vir die Lewering van Water, per Maand, aan enige Verbruiker.

(1) Per kl: 10c.

(2) Minimum vordering: R1,35.”

PB. 2-4-2-104-106

Administrator's Notice 214 25 February, 1976

ALBERTON MUNICIPALITY: ALTERATION OF BOUNDARIES.

The Administrator has, in terms of section 9(7) of Ordinance 17 of 1939, altered the boundaries of the Alberton Municipality by the incorporation therein of Portion 4 (a portion of Portion 3), in extent 28,3249 hectares vide Diagram S.G. A.2742/41 and Portion 5 (a portion of Portion 1), in extent 21,5041 ha, vide Diagram S.G. A.7652/74 of the farm Kromvlei 142-I.R.

PB. 3-2-3-4

Administrator's Notice 215 25 February, 1976

BEDFORDVIEW MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws, published under Administrator's Notice 1044, dated 19 November 1952, and made applicable *mutatis mutandis* to the Bedfordview Municipality by Administrator's Notice 36, dated 21 January 1953, as amended, are hereby further amended by the addition at the end of item 2(2) of the Tariff of Charges under Annexure XX of Schedule I to Chapter 3 of the following:

“, except the charge for a 20 mm domestic connection which shall be a fixed amount of R85.”

PB. 2-4-2-104-46

Administrator's Notice 216 25 February, 1976

WATERVAL-BOVEN HEALTH COMMITTEE: AMENDMENT TO WATER TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 164(3) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of section 126(1) (a) of the said Ordinance.

The Water Tariff of the Waterval-Boven Health Committee, published under Administrator's Notice 633, dated 16 October 1963, as amended, is hereby further amended by the substitution for item 1 of the following:

“1. Charges for the Supply of Water, per Month, to any Consumer.

(1) Per kl: 10c.

(2) Minimum charge: R1,35.”

PB. 2-4-2-104-106

Administrateurskennisgewing 217 25 Februarie 1976

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: WYSIGING VAN SANITÊRE GEMAKKE EN NAGVUIL- EN VUILGOEDVERWYDERINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 16(3) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, en Proklamasie 6 (Administrateurs-) van 1945, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre Gemakke en Nagvuil- en Vuilgoedverwyderingsverordeninge van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, afgekondig by Administrateurskennisgewing 218 van 25 Maart 1953, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na item 38 van Bylae A die volgende by te voeg:

"39. Gelde Betaalbaar vir Nagvuil- en Vuilgoedverwyderingsdienste binne die Gebied van die Charl Cilliers Plaaslike Gebiedskomitee.

Dienste aan alle Persele.

(1) Vir nagvuilverwydering, twee maal per week, per emmer, per maand: R1,50.

(2) Vir vuilgoedverwydering, een maal per week, per blik, per maand: 75c."

PB. 2-4-2-81-111

Administrateurskennisgewing 218 25 Februarie 1976

MUNISIPALITEIT POTGIETERSRUS: SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

1. In hierdie verordeninge, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken —

"diens", waar van toepassing op die verwydering van vullis, die verwydering van 'n hoeveelheid van 0,3 m³ of gedeelte daarvan, van vullis bevat in 'n vullishouer;

"Mediese Gesondheidsbeampte" die mediese gesondheidsbeampte van die Raad;

"Raad" die Stadsraad van Potgietersrus en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiezings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is;

en het enige ander woord of uitdrukking die betekenis wat daaraan geheg word in die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet 36 van 1919), of die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939).

2. Die okkupant van enige gebou of perseel is verplig om van die Raad se sanitêre en vullisverwyderings-

Administrator's Notice 217 • 25 February, 1976

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS: AMENDMENT TO SANITARY CONVENIENCES AND NIGHT-SOIL AND REFUSE REMOVAL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 16(3) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, and Proclamation 6 (Administrator's) of 1945, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The Sanitary Conveniences and Night-soil and Refuse Removal By-laws of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, published under Administrator's Notice 218, dated 25 March 1953, as amended, are hereby further amended by the addition after item 38 of Schedule A of the following:

"39. Fees Payable for Night-soil and Refuse Removal Services within the Area of the Charl Cilliers Local Area Committee.

Services to All Premises.

(1) For night-soil removal, twice weekly, per pail, per month: R1,50.

(2) For refuse removal, once weekly, per bin, per month: 75c."

PB. 2-4-2-81-111

Administrator's Notice 218 25 February, 1976

POTGIETERSRUS MUNICIPALITY: SANITARY AND REFUSE REMOVAL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

1. In these by-laws unless the context otherwise indicates —

"Council" means the Town Council/Village Council of Potgietersrus and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);

"Medical Officer of Health" means the Medical Officer of Health of the Council;

"service" where it applies to the removal of refuse means the removal of a quantity of 0,3 m³ or part thereof of refuse contained in a refuse receptacle;

and any other word or expression shall have the meaning ascribed thereto in the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919), or the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939).

2. The occupier of any building or premises shall be obliged to make use of the Council's sanitary and refuse

dienste gebruik te maak, waar sodanige dienste beskikbaar is en deur die Raad gelewer word.

3. Niemand, uitgesonderd die Raad, mag 'n sanitêre of vullisverwyderingsdiens in die munisipaliteit lewer nie en ook nie in 'n buitegebied waarin so 'n diens deur die Raad gelewer word nie.

4. Afval wat deur die Raad verwyder is, of afval wat vir verwydering deur die Raad geplaas is, behoort aan die Raad, en niemand wat nie namens die Raad optree nie, mag dit verwyder of daarmee peuter nie.

5.(1) Die aantal vullishouers op enige perseel vir die verwydering van afval benodig of nodig geag, word deur die Mediese Gesondheidsbeampte of sy behoorlik-gemagtigde verteenwoordiger bepaal volgens die aantal okkupante van sodanige perseel of die aard van die besigheid wat daarop gedryf word of die volume afval wat by sodanige perseel ontstaan.

(2) Die Mediese Gesondheidsbeampte of sy gemagtigde verteenwoordiger kan die okkupant van 'n perseel gelas om gebruik te maak van 'n bykomende vullisverwyderingsdiens of emmergeriewe waar dit na sy mening wenslik geag word.

6. Die Raad behou hom die reg voor om die lewering van 'n diens te weier indien die lewering daarvan onprakties sal wees.

7.(1) Gereelde afvalverwyderingsdienste wat ingevolge hierdie verordeninge aan persele gelewer word, word alleenlik gestaak nadat die eienaar of okkupant die Raad skriftelik in kennis gestel het om dit te staak, en die gelde voorgeskryf ingevolge hierdie verordeninge vir sodanige dienste word bereken tot op die tydstop waarop die Raad genoemde kennisgewing ontvang: Met dien verstande dat 'n diens alleenlik gestaak kan word ten opsigte van 'n beboude perseel indien dit onbewoon raak.

(2) Ingeval persele vir enige tydskuur tydelik onbewoon is, moet die okkupant daarvan die Raad skriftelik in kennis stel as hy die staking van enige diens verlang waarvoor in hierdie verordeninge voorsiening gemaak is en hy moet die Raad insgelyks in kennis stel as hy die hervatting van enige sodanige diens verlang na so 'n tydelike staking. By gebrek aan so 'n kennisgewing is die gelde hierin bepaal, betaalbaar asof daar geen onderbreking in okkupasie of lewering van diens was nie.

8.(1) Die eienaar of okkupant van enige perseel moet die vullishouer in 'n gerieflike plek en weg van hindernisse en gevaarlike diere plaas tot voldoening van die Mediese Gesondheidsbeampte of sy behoorlik-gemagtigde plaasvervanger, vir die ontvangs en verwydering van vullis deur die Raad se beamptes.

(2) Geen grond, sand, klippe of stene mag in sodanige vullishouers geplaas word nie.

9.(1) Dit is 'n misdryf om die bereikbaarheid en verwydering van vullishouers te belemmer deur sodanige houers aan iets vas te heg of dit op enige ander wyse te belemmer.

(2) Die eienaar of okkupant van enige perseel mag nie afvalverwyderaars wat by die perseel aandoen om afval te verwyder, toegang tot die perseel weier of duld dat toegang aan hulle geweier word nie, en hy mag ook nie op enige sodanige tydstop die verwyderaars in die uitvoering van hulle pligte dwarsboom of hinder nie.

10. Die Raad verwyder met sy gereelde afvalverwyderingsdiens slegs afval wat in vullishouers wat deur die Raad verskaf is, geplaas word.

removal services, where such services are available and rendered by the Council.

3. No person other than the Council shall operate a sanitary or refuse removal service in the municipality or in any outside area in which such a service is operated by the Council.

4. Refuse removed by the Council, or refuse deposited for removal by it, shall be the property of the Council, and no person who is not acting on behalf of the Council, shall remove it or interfere therewith.

5.(1) The number of refuse receptacles required or deemed necessary on any premises for the removal of garbage shall be decided upon by the Medical Officer of Health or his duly authorized representative according to the number of occupiers of such premises or the nature of the business conducted thereon or the volume of garbage generated at such premises.

(2) The Medical Officer of Health or his authorized representative may order the occupier of any premises to make use of an additional refuse removal service or pail facilities where it is in his opinion desirable.

6. The Council reserves the right to refuse the rendering of a service if the rendering of such service is considered not practical.

7.(1) Regular refuse collection services rendered to premises in terms of these by-laws shall be discontinued only after the Council has received notice in writing from the owner or occupier to discontinue them, and the charge prescribed for such services in terms of these by-laws shall continue to be payable until such notice has been received: Provided that in respect of a built-up property the service may be discontinued only when it becomes vacant.

(2) In the event of any premises being temporarily unoccupied for any length of time, the occupier thereof shall advise the Council in writing should he desire any service provided for in these by-laws to be discontinued, and shall likewise notify the Council should he require any such service to be resumed after such temporary discontinuance. Failing such notice, the charges herein provided for shall be payable as if there were no break in occupancy or rendering of service.

8.(1). The owner or occupier of any premises shall place or cause the refuse receptacle to be placed in a convenient place away from any obstruction or dangerous animals, to the satisfaction of the Medical Officer of Health or his duly authorized deputy, for the collection and removal of refuse by the Council's employees.

(2) No soil, sand, stones or bricks shall be deposited in refuse receptacles.

9.(1) It shall be an offence to obstruct the access to any refuse receptacle or to impede its removal by fastening it to any other object or by any other method.

(2) The owner or occupier of any premises shall not refuse or cause to be refused access to the premises to refuse collectors calling there for the removal of refuse or at any such time obstruct or impede the collectors in the performance of their duties.

10. Only refuse deposited in refuse receptacles provided by the Council shall be removed by the Council by means of its regular refuse removal service.

11. Die eienaar of okkupant van enige perseel moet die inhoud van elke vullishouer op die perseel toehou, behalwe wanneer afval daarin of daaruit gegooi word, en moet elke sodanige houer in 'n skoon en sindelike toestand hou.

12. Geen vullishouer mag in 'n straat, sygaardjie of op 'n ander openbare plek geplaas word nie, behalwe tydens uitvoering van dienste.

13.(1) Dit is 'n misdryf as iemand afval plaas in 'n straat of publieke plek of in 'n houer wat aan die Raad behoort en vir sy gebruik afgesonder is: Met dien verstande dat massavullis op die dae en tye en op 'n plek wat vir die besondere perseel deur die Raad as gerieflik goedgekeur is, vir verwydering geplaas kan word teen betaling van die gelde wat daarvoor ingevolge die Bylae hierby voorgeskryf is.

(2) Vir die toepassing van subartikel (1) beteken "massavullis" vullis wat weens die hoeveelheid, aard, omvang of massa daarvan na die mening van die Mediese Gesondheidsbeampte ongeskik is om in 'n vullishouer geplaas te word.

14. Daaglikse verwydering geskied slegs indien dit na die mening van die Mediese Gesondheidsbeampte om gesondheidsredes wenslik is.

15. Gelde word bereken vir 'n volle maand indien dienste voor of op die vyftiende dag van die maand 'n aanvang neem. Indien dienste na die vyftiende dag van die maand 'n aanvang neem, is die helfte van die voorgeskrewe gelde betaalbaar.

16. Elkeen aan wie die Raad enigeen van die dienste wat in hierdie verordeninge genoem word gelewer het, moet die gelde wat daarvoor ingevolge die Bylae hierby gevorder word aan die Raad betaal en enigiemand wat in gebreke bly om genoemde gelde op aanvraag van die Raad te betaal, begaan 'n misdryf, en die Raad behou sy siviele regsmiddels ten opsigte van die verhaal van die bedrag.

17. Iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree of wat versuim om daaraan te voldoen, of wat iemand anders gelas of toelaat om dit te doen, begaan 'n misdryf en is by skuldigebevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100.

18. Die Sanitêre Tarief van die Munisipaliteit Potgietersrus, afgekondig by Administrateurskennisgewing 884 van 5 Oktober 1955, soos gewysig, word hierby herroep.

BYLAE.

TARIEF VAN GELDE.

1. Verwydering van Nagvuil of Urine, of Albei.

(1) Vir die verwydering twee maal per week, per emmer, per maand of gedeelte daarvan: R1.

(2) Vir die verwydering in verband met tydelike aktiwiteite soos boubedryghede of rondreisende vermaaklikhede, twee maal per week, per emmer, per maand of gedeelte daarvan: R4.

(3) Vir die verwydering in verband met tydelike aktiwiteite in uitsonderlike gevalle, per emmer, per dag of gedeelte daarvan: 20c, met 'n minimum vordering van R1.

(4) Vir die toepassing van subitems (2) en (3) is 'n deposito van R5 ten opsigte van elke emmer wat verskaf word, betaalbaar. By staking van dienslewering word ge-

11. The owner or occupier of any premises shall keep the contents of every refuse receptacle on the premises covered, save when refuse is being deposited therein or discharged therefrom, and shall keep every such receptacle in a clean and hygienic condition.

12. No refuse receptacle shall be placed in any street, sidewalk or other place, save during the rendering of services.

13.(1) It shall be an offence to deposit any refuse in any street or public place or in any receptacle belonging to the Council and reserved for its use: Provided that bulk refuse may be deposited for collection on the days and at the times and in a position convenient to the particular premises, as approved by the Council, on payment of the charges prescribed in terms of the Schedule hereto.

(2) For the purposes of subsection (1) "bulk refuse" means refuse which, owing to the quantity, nature, extent or mass thereof is, in the opinion of the Medical Officer of Health, not suitable for depositing in a refuse receptacle.

14. Daily removal shall be undertaken only if, in the opinion of the Medical Officer of Health, it is desirable in the interests of public health.

15. The tariff for a full month shall be charged in the event of services being commenced on or before the fifteenth day of any month. In the event of services being commenced after the fifteenth day of any month, half the prescribed tariff shall be payable.

16. Every person to whom any service in accordance with these by-laws has been rendered by the Council shall pay to the Council the charges prescribed therefor in terms of the Schedule hereto, and any such person who fails to pay the said charge in accordance with a demand by the Council shall, without prejudice to the Council's civil remedies in respect of the charge, be guilty of an offence.

17. Any person who contravenes or fails to comply with or who causes or permits any other person to contravene or fail to comply with any provision of these by-laws shall be guilty of an offence and liable on conviction to a penalty not exceeding R100.

18. The Sanitary Tariff of the Potgietersrus Municipality, published under Administrator's Notice 884, dated 5 October 1955, as amended, is hereby revoked.

SCHEDULE.

TARIFF OF CHARGES.

1. Removal of Night-soil or Urine or Both.

(1) For the removal twice per week, per pail, per month or part thereof: R1.

(2) For the removal in connection with temporary activities such as building operations or itinerant entertainments, twice per week, per pail, per month or part thereof: R4.

(3) For the removal in connection with temporary activities in exceptional cases, per pail, per day or part thereof: 20c, with a minimum charge of R1.

(4) For the purposes of subitems (2) and (3) a deposit of R5 shall be payable in respect of each pail supplied. On discontinuance of services, the deposit shall be

noemde deposito terugbetaal sodra die emmer aan die Raad terugbesorg is en die rekening ten opsigte van die dienste gelewer, vereffen is. Indien 'n emmer nie terugbesorg word nie, word die deposito verbeur.

(5) Vir die toepassing van hierdie item word elke emmer beperk tot die gebruik deur hoogstens 8 persone.

2. Verwydering van Vullis.

(1) Vir die verwydering van vullis, twee maal per week, per vullishouer, per maand of gedeelte daarvan: R1.

(2) Vir die verwydering van massavullis, per vrag van 5 m³ of gedeelte daarvan: R3.

PB. 2-4-2-81-27

Administrateurskennisgewing 219 25 Februarie 1976

MUNISIPALITEIT POTGIETERSRUST: WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Potgietersrust, afgekondig by Administrateurskennisgewing 148 van 21 Februarie 1951, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikels 19, 20 en 21 te skrap.

PB. 2-4-2-77-27

Administrateurskennisgewing 220 25 Februarie 1976

MUNISIPALITEIT STANDERTON: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE REGULERING VAN PARKE EN TUINE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Regulering van Parke en Tuine van die Munisipaliteit Standerton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 342 van 16 Mei 1962, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 10 na die woord "besoedel" die woorde "of daarin speel" in te voeg.

2. Deur in artikel 11 na die woord "was" die woorde "of homself" in te voeg.

3. Deur na artikel 19 die volgende in te voeg:

"19A. Niemand mag enige speletjie van watter aard ook al op die Van Riebeeckplein speel of daaraan deelneem nie."

4. Deur subartikel (1) van artikel 56 deur die volgende te vervang:

"(1) Woonwapark en Tentdorp, per perseel:

(a) Per dag: R1,50.

(b) Per week: R8.

refunded as soon as the pail is returned to the Council and the account for the rendering of the services has been paid. If the pail is not returned, the deposit shall be forfeited.

(5) For the purposes of this item, each pail shall be limited to the use by not more than 8 persons.

2. Removal of Refuse.

(1) For the removal of refuse, twice per week, per refuse receptacle, per month or part thereof: R1.

(2) For the removal of bulk refuse, per load of 5 m³ or part thereof: R3.

PB. 2-4-2-81-27

Administrator's Notice 219 25 February, 1976

POTGIETERSRUST MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Health By-laws of the Potgietersrust Municipality, published under Administrator's Notice 148, dated 21 February 1951, as amended, are hereby further amended by the deletion of sections 19, 20 and 21.

PB. 2-4-2-77-27

Administrator's Notice 220 25 February, 1976

STANDERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE REGULATION OF PARKS AND GARDENS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws for the Regulation of Parks and Gardens of the Standerton Municipality, published under Administrator's Notice 342, dated 16 May 1962, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the insertion in section 10 after the word "pollute" of the words "or play in".

2. By the insertion in section 11 after the word "allow" of the words "himself or".

3. By the insertion after section 19 of the following:

"19A. No person shall play or partake in any game whatsoever on Van Riebeeck square."

4. By the substitution for subsection (1) of section 56 of the following:

"(1) Caravan Park and Tent Pitching site, per site:

(a) Per day: R1,50.

(b) Per week: R8.

- (c) Per tydperk van 30 aaneenlopende dae: R30.
- (d) Vir 'n tydperk van minder as 'n week en waar 'n tydperk nie 'n presiese veelvoud van 'n maand of 'n week of albei is nie is die gelde ten opsigte van enige oorblywende dae, per dag of gedeelte daarvan: R1,50.
- (e) Alle betalings ingevolge hierdie subartikel moet vooruit gemaak word tydens bespreking."

PB. 2-4-2-69-33

Administrateurskennisgewing 221 25 Februarie 1976

GESONDHEIDSKOMITEE VAN WATERVAL-BOVEN: WYSIGING VAN TARIEF VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 164(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 126(1)(a) van genoemde Ordonnansie gemaak is.

Die Tarief van Gelde vir die lewering van elektrisiteit, afgekondig onder Aanhangsel 2 van Administrateurskennisgewing 105 van 10 Februarie 1960, en *mutatis mutandis* van toepassing gemaak op die regsgebied van die Gesondheidskomitee van Waterval-Boven by Administrateurskennisgewing 612 van 9 Oktober 1963, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur items 1, 2, 3, 4 en 5 deur die volgende te vervang en item 6 te hernoem 4:

"1. Huishoudelike Verbruikers.

Die gelde hieronder uiteengesit is betaalbaar per maand vir die lewering van elektrisiteit aan verbruikers wat private woonhuise en woonstelle bewoon:

(1) Vaste heffing vir beskikbaarheid van toevoer, of elektrisiteit verbruik word al dan nie, per maand of gedeelte daarvan: R2.

(2) Vir alle eenhede gedurende die maand verbruik, per eenheid: 1,7c.

2. Nie-Huishoudelike Verbruikers.

Die gelde hieronder uiteengesit is betaalbaar per maand vir die lewering van elektrisiteit aan alle verbruikers wat nie onder item 1 of 3 ressorteer nie:

(1) Vaste heffing vir beskikbaarheid van toevoer of elektrisiteit verbruik word al dan nie, per maand of gedeelte daarvan: R3.

(2) Vir alle eenhede gedurende die maand verbruik, per eenheid: 1,9c.

3. Grootmaatverbruikers.

Verbruikers aan wie elektrisiteit by die grootmaat gelewer word en wat teen 11 000 Volt gemeet word, betaal die volgende gelde per maand:

(1) Vaste heffing vir beskikbaarheid van toevoer, of elektrisiteit verbruik word al dan nie, per maand of gedeelte daarvan: R10.

(2) Maksimum aanvraagheffing, per kVA: R1.

(3) Vir alle eenhede gedurende die maand verbruik, per eenheid: 1,5c."

2. Deur item 7 te skrap en item 8 te hernoem 5.

PB. 2-4-2-36-106

- (c) Per period of 30 consecutive days: R30.

(d) For a period of less than a week and where a period is not an exact multiple of a month or a week or both, the charges in respect of any remaining days shall be, per day or part thereof: R1,50.

(e) All payments in terms of this subsection shall be made in advance at the time of reservation."

PB. 2-4-2-69-33

Administrator's Notice 221 25 February, 1976

WATERVAL-BOVEN HEALTH COMMITTEE: AMENDMENT TO TARIFF OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF ELECTRICITY.

The Administrator hereby, in terms of section 164(3) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of section 126(1)(a) of the said Ordinance.

The Tariff of Charges for the supply of electricity, published under Annexure 2 of Administrator's Notice 105, dated 10 February 1960, and made applicable *mutatis mutandis* to the area of jurisdiction of the Waterval-Boven Health Committee by Administrator's Notice 612, dated 9 October 1963, as amended, is hereby further amended as follows:

1. By the substitution for items 1, 2, 3, 4 and 5 of the following and the renumbering of item 6 to read 4:

"1. Domestic Consumers.

The charges set out hereunder shall be payable, per month, for the supply of electricity to consumers occupying private dwelling-houses and flats:

(1) Fixed charge for availability of supply, whether electricity is consumed or not, per month or part thereof: R2.

(2) For all units consumed during the month, per unit: 1,7c.

2. Non-Domestic Consumers.

The charges set out hereunder shall be payable, per month, for the supply of electricity to all consumers not falling under item 1 or 3:

(1) Fixed charge for availability of supply, whether electricity is consumed or not, per month or part thereof: R3.

(2) For all units consumed during the month, per unit: 1,9c.

3. Bulk Consumers.

Consumers supplied with electricity in bulk and metered at 11 000 Volt shall pay the following charges per month:

(1) Fixed charge for availability of supply, whether electricity is consumed or not, per month or part thereof: R10.

(2) Maximum demand charge, per kVA: R1.

(3) For all units consumed during the month, per unit: 1,5c."

2. By the deletion of item 7 and the renumbering of item 8 to read 5.

PB. 2-4-2-36-106

Administrateurskennissgewing 222 25 Februarie 1976

KANSELLERING IN SY GEHEEL OF GEDEELTELIK VAN DIE UITSPANSERWITUUT OP DIE PLAAS KOPPIESFONTEIN 478-I.R.: DISTRIK HEIDELBERG.

Met die oog op 'n aansoek wat van die grondeienaar ontvang is vir die kansellering in sy geheel of gedeeltelik van die uitspanserwituut wat 1/75ste van 2915,7650 hektaar groot is en waaraan die Resterende Gedeelte van die plaas Koppiesfontein 478-I.R., distrik Heidelberg, onderworpe is, is die Administrateur van voorneme om, ingevolge artikel 56 van die Padordonnansie, 1957 op te tree.

Enige persoon kan binne ses maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, sy redes vir sy beswaar teen die kansellering, by die Streekbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak X001, Benoni 1500, skriftelik indien.

DP. 021-023-37/3/K6

Administrateurskennissgewing 223 25 Februarie 1976

WYSIGING VAN ADMINISTRATEURSKENNISGEWING 706 VAN 17 MEI 1972 IN VERBAND MET DIE VERLEGGING EN VERBREDING VAN DISTRIKSPAD 2243: DISTRIK MIDDELBURG.

Ingevolge die bepalings van artikel 5(3A) van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) wysig die Administrateur hierby Administrateurskennissgewing 706 gedateer 17 Mei 1972 deur die sketsplan daarin vermeld te vervang met die bygaande sketsplan.

U.K.B. 27 van 6/1/1976

DP. 04-046-23/22/2243

Administrator's Notice 222 25 February, 1976

CANCELLATION WHOLLY OR PARTIALLY OF THE SERVITUDE OF OUTSPAN ON THE FARM KOPPIESFONTEIN 478-I.R.: DISTRICT OF HEIDELBERG.

With a view to an application received from the owner of land for the cancellation wholly or partially of the servitude of outspan, in extent 1/75th of 2915,7650 hectares and to which the Remaining Portion of the farm Koppiesfontein 478-I.R., district of Heidelberg is subject, the Administrator intends taking action in terms of section 56 of the Roads Ordinance, 1957.

Any person may lodge his objections to the cancellation in writing, with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag X001, Benoni 1500, within six months from the date of publication of this notice.

DP. 021-023-37/3/K6


Administrator's Notice 223 25 February, 1976

AMENDMENT OF ADMINISTRATOR'S NOTICE 706 OF 17 MAY 1972 IN CONNECTION WITH THE DEVIATION AND WIDENING OF DISTRICT ROAD 2243: DISTRICT MIDDELBURG.

In terms of the provisions of section 5(3A) of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) the Administrator hereby amends Administrator's Notice 706 dated 17 May 1972 by the substitution for the sketch plan therein referred to of the subjoined sketch plan.

E.C.R. 27 of 6/1/1976

DP. 04-046-23/22/2243



Administrateurskennissgewing 224 25 Februarie 1976

VERKLARING VAN 'N TOEGANGSPAD: DISTRIK STANDERTON.

Ingevolge die bepalings van artikel 48(1)(a) en artikel 5A van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) verklaar die Administrateur hierby dat die pad wat oor die plaas Grootpan 591-I.R., distrik Standerton loop, as 'n toegangspad 6 meter breed sal be-

Administrator's Notice 224 25 February, 1976

DECLARATION OF AN ACCESS ROAD: DISTRICT OF STANDERTON.

In terms of the provisions of section 48(1)(a) and section 5A of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) the Administrator hereby declares that the road, which runs on the farm Grootpan 591-I.R., district of Standerton shall exist as an access road 6 metres wide.

staan. Die algemene rigting en ligging van genoemde toegangspad word aangedui op bygaande sketsplan.


Ooreenkomstig die bepalings van subartikels (2) en (3) van artikel 5A word hierby verklaar dat penne opgerig is om die grond wat deur die voornoemde toegangspad in beslag geneem word, af te merk.

U.K.B. 2420 van 2/12/1975
DP. 051-057-23/21/P90-1 Vol. V (f)

The general direction and situation of the said access road is indicated on the appended sketch plan.

In terms of the provisions of subsections (2) and (3) of section 5A, it is hereby declared that pegs have been erected to demarcate the land taken up by the aforesaid access road.

E.C.R. 2420 of 2/12/1975
DP. 051-057-23/21/P90-1 Vol. V (f)



Administrateurskennisgewing 225 25 Februarie 1976

VERMEERDERING VAN BREEDTE VAN PADRESERWE VAN 'N OPENBARE PAD: DISTRIK STANDERTON.

Ingevolge die bepalings van artikels 3 en 5A van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) vermeerder die Administrateur hierby die breedte van die padreserwe van openbare pad 897 oor die plaas Oude Hout Spruit 586-I.R., distrik Standerton.

Die algemene rigting, ligging en omvang van die voornoemde vermeerdering van die breedte van die padreserwe van die genoemde openbare pad word aangedui op bygaande sketsplan.

Ooreenkomstig die bepalings van subartikels (2) en (3) van artikel 5A word hierby verklaar dat planne PRS 73/173/1-6 Bp wat die grond wat deur die voornoemde vermeerdering van die breedte van die padreserwe van genoemde openbare pad in beslag geneem word, aandui, ter insae van enige belanghebbende by die kantoor van die Streekbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Ermelo, vanaf die datum van hierdie kennisgewing beskikbaar sal wees.

U.K.B. 2420/2/12/1975
D.P. 051-057-23/21/P90-1 Vol. V (e)

Administrator's Notice 225

25 February, 1976


INCREASE IN WIDTH OF ROAD RESERVE OF A PUBLIC ROAD: DISTRICT OF STANDERTON.

In terms of the provisions of sections 3 and 5A of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) the Administrator hereby increases the width of the road reserve of public road 897 over the farm Oude Hout Spruit 586-I.R., district of Standerton.

The general direction, situation and extent of the aforesaid deviation and increase in width of the road reserve of the said public road is indicated on the appended sketch plan.

In terms of the provisions of subsections (2) and (3) of section 5A, it is hereby declared that plans PRS 73/173/1-6 Bp showing the land taken up by the said increase in the width of the road reserve, will be available for inspection by any interested person at the office of the Regional Officer, Roads Department, Ermelo, from the date of this notice.

E.C.R. 2420/2/12/1975
D.P. 051-057-23/21/P90-1 Vol. V (e)



Administrateurskennisgewing 226 25 Februarie 1976

SLUITING VAN OPENBARE PAD: DISTRIK STANDERTON.

Ingevolge die bepalings van artikel 5(1)(d) van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) sluit

Administrator's Notice 226, 25 February, 1976

CLOSING OF A PUBLIC ROAD: DISTRICT OF STANDERTON.

In terms of the provisions of section 5(1)(d) of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) the Ad-

die Administrateur hierby die openbare pad wat oor die plaas Oude Hout Spruit 586-I.R., distrik Standerton, loop en waarvan die algemene rigting en ligging op bygaande sketsplan aangedui word.


U.K.B. 2420/2/12/1975

D.P. 051-057-23/21/P90-1 Vol. V (d)

ministrator hereby closes the public road which runs on the farm Oude Hout Spruit 586-I.R., district of Standerton, the general direction and situation of which is shown on the appended sketch plan.

E.C.R. 2420/2/12/1975

DP. 051-057-23/21/P90-1 Vol. V (d)



Administrateurskennisgewing 227 25 Februarie 1976

VERKLARING VAN OPENBARE PAAIE: DISTRIK STANDERTON.

Ingevolge die bepalings van artikels 5(1)(a), 5(1)(b), 5(1)(c), 5(2)(b) en artikels 3 en 5A van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) verklaar die Administrateur hierby dat die pad wat oor die plaas Groenvlei 589-I.R. loop, as 'n openbare distrikspad met breedtes wat wissel van 25 meter tot 140 meter, as 'n verlegging van pad 1585 sal bestaan en verder dat openbare distrikspaaie met breedtes wat wissel van 25 meter tot 120 meter oor die plase Grootpan 591-I.R., Oude Hout Spruit 586-I.R. en Groenvlei 589-I.R., distrik Standerton, sal bestaan. Die algemene rigtings en liggings van genoemde openbare paaie word op bygaande sketsplan aangedui.

Ooreenkomstig die bepalings van subartikels (2) en (3) van artikel 5A word hierby verklaar dat planne PRS 73/173/1-6 Bp wat die grond wat deur die voornoemde openbare paaie in beslag geneem word, aandui, ter insae van enige belanghebbende by die kantoor van die Streek-beampte, Transvaalse Paaiedepartement, Ermelo, vanaf die datum van hierdie kennisgewing beskikbaar sal wees.

U.K.B. 2420/2/12/1975

DP. 051-057-23/21/P90-1 Vol. V (c)

Administrator's Notice 227

25 February, 1976


DECLARATION OF PUBLIC ROADS: DISTRICT OF STANDERTON.

In terms of the provisions of sections 5(1)(a), 5(1)(b), 5(1)(c), 5(2)(b) and sections 3 and 5A of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) the Administrator hereby declares that the road which runs on the farm Groenvlei 589-I.R., shall exist as a public district road, with widths varying from 25 metres to 140 metres, as an extension of road 1585 and that public district roads, with widths varying from 25 metres to 120 metres, shall exist over the farms Grootpan 591-I.R., Oude Hout Spruit 586-I.R. and Groenvlei 589-I.R., district of Standerton. The general directions and situations of the said public roads are indicated on the appended sketch plan.

In terms of the provisions of subsections (2) and (3) of section 5A, it is hereby declared that plans PRS 73/173/1-6 Bp showing the land taken up by the said public roads, will be available for inspection by any interested person at the office of the Regional Officer, Roads Department, Ermelo, from the date of this notice.

E.C.R. 2420/2/12/1975

DP. 051-057-23/21/P90-1 Vol. V (c)



Administrateurskennisgewing 228 25 Februarie 1976

**VERLEGGING EN VERMEERDERING VAN
BREEDTE VAN PADRESERWE VAN 'N OPEN-
BARE PAD: DISTRIK STANDERTON.**

Ingevolge die bepalings van artikels 5(1)(d), 3 en 5A van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) verlei die Administrateur hierby en vermeerder die breedte van die padreserwe van openbare pad 1585 oor die plase Grootpan 591-I.R. en Oude Hout Spruit 586-I.R., distrik Standerton.

Die algemene rigting, ligging en omvang van die voornoemde verlegging en vermeerdering van die breedte van die padreserwe van die genoemde openbare pad word aangedui op bygaande sketsplan.

Ooreenkomstig die bepalings van subartikels (2) en (3) van artikel 5A word hierby verklaar dat planne PRS 73/173/1-6 Bp wat die grond wat deur die voornoemde verlegging en vermeerdering van die breedte van die padreserwe van genoemde openbare pad in beslag geneem word, aandui, ter insae van enige belanghebbende by die kantoor van die Streekbeampte, Transvaalse Paaiedepartement Ermelo, vanaf die datum van hierdie kennisgewing beskikbaar sal wees.

U.K.B. 2420/2/12/1975
DP. 051-057-23/21/P90-1 Vol. V (b)

Administrator's Notice 228

25 February, 1976


**DEVIATION AND INCREASE IN WIDTH OF ROAD
RESERVE OF A PUBLIC ROAD: DISTRICT OF
STANDERTON.**

In terms of the provisions of sections 5(1)(d), 3 and 5A of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) the Administrator hereby deviates and increases the width of the road reserve of public road 1585 over the farms Grootpan 591-I.R. and Oude Hout Spruit 586-I.R., district of Standerton.

The general direction, situation and extent of the aforesaid deviation and increase in width of the road reserve of the said public road is indicated on the appended sketch plan.

In terms of the provisions of subsections (2) and (3) of section 5A, it is hereby declared that plans PRS 73/173/1-6 Bp showing the land taken up by the said deviation and increase in the width of the road reserve, will be available for inspection by any interested person at the office of the Regional Officer, Roads Department, Ermelo, from the date of this notice.

E.C.R. 2420/2/12/1975
DP. 051-057-23/21/P90-1 Vol. V (b)



Administrateurskennisgewing 229 25 Februarie 1976

**VERLEGGING EN VERMEERDERING VAN
BREEDTE VAN PADRESERWE VAN 'N OPEN-
BARE PAD: DISTRIK STANDERTON.**

Ingevolge die bepalings van artikels 5(1)(d), 5(2)(c), 3 en 5A van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) verlei die Administrateur hierby en vermeerder die breedte van die padreserwe van openbare pad P90-1 oor die plase Grootpan 591-I.R., Groenvlei 590-I.R., Oude Hout Spruit 586-I.R. en Val Dorpsgebied, distrik Standerton.

Die algemene rigting, ligging en omvang van die voornoemde verlegging en vermeerdering van die breedte van die padreserwe van die genoemde openbare pad word aangedui op bygaande sketsplan.

Ooreenkomstig die bepalings van subartikels (2) en (3) van artikel 5A word hierby verklaar dat planne PRS 73/173/1-6 Bp wat die grond wat deur die voornoemde verlegging en vermeerdering van die breedte van die padreserwe van genoemde openbare pad in beslag geneem word, aandui, ter insae van enige belanghebbende

Administrator's Notice 229

25 February, 1976

**DEVIATION AND INCREASE IN WIDTH OF ROAD
RESERVE OF A PUBLIC ROAD: DISTRICT OF
STANDERTON.**

In terms of the provisions of sections 5(1)(d), 5(2)(c), 3 and 5A of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) the Administrator hereby deviates and increases the width of the road reserve of public road P90-1 over the farms Grootpan 591-I.R., Groenvlei 590-I.R., Oude Hout Spruit 586-I.R. and Val Township, district of Standerton.

The general direction, situation and extent of the aforesaid deviation and increase in width of the road reserve of the said public road is indicated on the appended sketch plan.

In terms of the provisions of subsections (2) and (3) of section 5A, it is hereby declared that plans PRS 73/173/1-6 Bp showing the land taken up by the said deviation and increase in the width of the road reserve,

by die kantoor van die Streekbeampte, Transvaalse Paaidepartement, Ermelo, vanaf die datum van hierdie kennisgewing beskikbaar sal wees.


U.K.B. 2420/2/12/1975

DP. 051-057-23/21/P90-1 Vol. V(a)

will be available for inspection by any interested person at the office of the Regional Officer, Roads Department, Ermelo, from the date of this notice.

E.C.R. 2420/2/12/1975

DP. 051-057-23/21/P90-1 Vol. V(a)



Administrateurskennisgewing 230 25 Februarie 1976

VERMINDERING EN AFBAKENING VAN UITSPANSERWITUUT OP DIE PLAAS WITWAL 523-K.Q., DISTRIK WARMBAD.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing 1969 van 6 November 1974, het die Administrateur, ingevolge artikel 56(1) (iv) van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) die uitspanserwituut wat 1/75ste van 2545,4904 hektaar groot is waaraan Gedeelte 8 van die plaas Witwal 523-K.Q., distrik Warmbad onderworpe is, na 4 hektaar verminder en ingevolge artikel 56(7) (i) van genoemde Ordonnansie laat afbaken in die ligging soos op bygaande sketsplan aangedui.

U.K.B. 1375(75)/15/7/1975

DP. 01-014W-37/3/W.10

Administrator's Notice 230


25 February, 1976

REDUCTION AND DEMARCATION OF SERVITUDE OF OUTSPAN ON THE FARM WITWAL 523-K.Q., DISTRICT OF WARBATHS.

With reference to Administrator's Notice 1969 of 6 November 1974, the Administrator, in terms of section 56(1) (iv) of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) has caused the servitude of outspan in extent 1/75th of 2545,4904 hectares and to which Portion 8 of the farm Witwal 523-K.Q., district of Warmbaths is subject to be reduced to 4 hectares and in terms of section 56(7) (i) of the said Ordinance, to be beacons off in a position as indicated on the subjoined sketch plan.

E.C.R. 1375(75)/15/7/1975

DP. 01-014W-37/3/W.10



Administrateurskennisgewing 231 25 Februarie 1976

INTREKKING VAN OPENBARE PAD STATUS EN VERKLARING TOT SUBSIDIEPAD BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED VAN WITBANK.

Ingevolge die bepalings van artikel 5(1A) van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) verklaar die Administrateur hierby dat die gedeelte van distrikspad 1126 binne die munisipale gebied van Witbank, nie langer 'n openbare pad vir die toepassing van genoemde Ordonnansie is nie en dat die betrokke gedeelte ingevolge artikel 40(a) van genoemde Ordonnansie as 'n subsidiepad sal bestaan soos op bygaande sketsplan aangedui.

U.K.B. 1084/10/6/1974
DP. 01-015W-23/22/1126 Vol. 2


Administrator's Notice 231

25 February, 1976

REVOCATION OF PUBLIC ROAD STATUS AND DECLARATION OF SUBSIDY ROAD WITHIN THE MUNICIPAL AREA OF WITBANK.

In terms of the provisions of section 5(1A) of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) the Administrator hereby declares that the section of district road 1126 within the municipal area of Witbank shall no longer be a public road for purposes of the said Ordinance and that in terms of section 40(a) of the said Ordinance the section concerned shall exist as a subsidy road as indicated on the subjoined sketch plan.

E.C.R. 1084/10/6/1974
DP. 01-015W-23/22/1126 Vol. 2



Administrateurskennisgewing 232 25 Februarie 1976

VERKLARING VAN OPENBARE PAD, BASHEWA LANDBOUHOEWES: DISTRIK BRONKHORSTSPRUIT.

Ingevolge die bepalings van artikels 5(2)(a), 3 en artikel 5A van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) verklaar die Administrateur hierby dat die pad wat oor Bashewa Landbouhoewes loop en waarvan die algemene rigting en ligging op bygaande sketsplan aangedui word as 'n openbare pad, 25,189 meter breed, sal bestaan.

Administrator's Notice 232

25 February, 1976

DECLARATION OF A PUBLIC ROAD, BASHEWA AGRICULTURAL HOLDINGS: DISTRICT OF BRONKHORSTSPRUIT.


In terms of the provisions of sections 5(2)(a), 3 and section 5A of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) the Administrator hereby declares that the road traversing Bashewa Agricultural Holdings, the general direction and situation of which is shown on the appended sketch plan, shall exist as a public road, 25,189 metres wide.

Ooreenkomstig die bepalings van subartikels (2) en (3) van genoemde artikel 5A word hierby verklaar dat die grond wat deur die voornoemde openbare pad in beslag geneem word, deur 'n opgerigte omheining afgemerk is.

Goedgekeur 29/12/1975
DP. 01-015-23/17(15)

In terms of the provisions of subsections (2) and (3) of the said section 5A it is hereby declared that the land taken up by the aforesaid public road has been demarcated by means of an erected fence.

Approved 29/12/1975
DP. 01-015-23/17(15)



Administrateurskennisgewing 233 25 Februarie 1976

VERMEERDERING VAN BREEDTE VAN PADRESERVE VAN 'N OPENBARE PAD: DISTRIK DELAREYVILLE.

Ingevolge die bepalings van artikels 3 en 5A van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) vermeerder die Administrateur die breedte van die padreserve van openbare pad 1057 oor die plaas Doornkuil 354-I.O., distrik Delareyville.

Die omvang van die vermeerdering van die padreservebreedte van genoemde openbare pad word op bygaande sketsplan aangetoon.

Ooreenkomstig die bepalings van subartikels (2) en (3) van genoemde artikel 5A word hierby verklaar dat klipstapels opgerig is om die grond wat deur die vermeerdering van die breedte van die padreserve van die genoemde openbare pad in beslag geneem word, af te merk.

Goedgekeur 18/12/1975
DP. 07-075D-23/22/1057

Administrator's Notice 233 25 February, 1976


INCREASE IN WIDTH OF ROAD RESERVE OF A PUBLIC ROAD: DISTRICT OF DELAREYVILLE.

In terms of the provisions of sections 3 and 5A of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) the Administrator hereby increases the width of the road reserve of public road 1057 over the farm Doornkuil 354-I.O., district of Delareyville.

The extent of the increase of the width of the road reserve of the said public road is indicated on the subjoined sketch plan.

In terms of the provisions of subsections (2) and (3) of the said section 5A it is hereby declared that cairns have been erected to demarcate the land taken up by the increase of the road reserve of the said public road.

Approved 18/12/1975
DP. 07-075D-23/22/1057



DP.07-075D-23|22|1057

GOEDGEKEUR OP

75.12.18

APPROVED ON

BESTAANDE PAAIE EXISTING ROADS

PAD VERBREED ROAD WIDENED

NA 25 M.

TO 25 M.

Administrateurskennisgewing 235 25 Februarie 1976

VERLEGGING EN VERMEERDERING VAN
BREEDTE VAN PADRESERWE VAN 'N OPEN-
BARE PAD: DISTRIK THABAZIMBI.

Ingevolge die bepalings van artikel 5(1)(d) en artikels 3 en 5A van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) verle die Administrateur en vermeerder die breedte van die padreserwe van openbare pad 1031 oor die plaas Klipgat 348-K.Q., distrik Thabazimbi.

Die algemene rigting en ligging van die voornoemde verlegging en die omvang van die vermeerdering van die breedte van die padreserwe van genoemde openbare pad word op bygaande sketsplan aangedui.

Ooreenkomstig die bepalings van subartikels (2) en (3) van genoemde artikel 5A word hierby verklaar dat penne opgerig is wat die grond, wat deur die verlegging en vermeerdering van die breedte van die padreserwe van genoemde openbare pad in beslag geneem word, af te merk.

U.K.B. 1375(78)/15/7/1975
DP. 08-086-23/22/1031

Administrator's Notice 235

25 February, 1976


DEVIATION AND INCREASE IN WIDTH OF ROAD
RESERVE OF A PUBLIC ROAD: DISTRICT OF
THABAZIMBI.

In terms of the provisions of section 5(1)(d) and sections 3 and 5A of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), the Administrator hereby deviates and increases the width of the road reserve of public road 1031 over the farm Klipgat 348-K.Q., district of Thabazimbi.

The general direction and situation of the aforesaid deviation and the extent of the increase in the width of the road reserve of the said public road is indicated on the appended sketch plan.

In terms of the provisions of subsections (2) and (3) of the said section 5A it is hereby declared that pegs have been erected to demarcate the land taken up by the aforesaid deviation and increase in the width of the road reserve of the said public road.

E.C.R. 1375(78)/15/7/1975
DP. 08-086-23/22/1031



Administrateurskennisgewing 234 25 Februarie 1976

VERKLARING, VERLEGGING EN VERBREDING
VAN OPENBARE PAAIE: DISTRIK SCHWEIZER-
RENEKE.

Ingevolge die bepalings van artikels 5(1)(b), 5(1)(c), 5(1)(d) en artikels 3 en 5A van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) verle die Administrateur hierby en vermeerder die padreserwebreedte van openbare distrikspaaie 728 en 912 oor die plase Makaaauwkop 167-H.O., De Hoop 189-H.O., Diamanddoorns 169-H.O. en Doornhoek 165-H.O., distrik Schweizer-Reneke, en verklaar dat 'n openbare pad oor die plase Makaaauwkop 167-H.O., De Hoop 198-H.O. en Diamanddoorns 169-H.O. sal bestaan, as verlenging van distrikspad 1227.

Die algemene rigting, ligging en omvang van die voornoemde verleggings en vermeerdering van die padreserwebreedte van genoemde openbare paaie word aangedui op die bygaande sketsplan.

Ooreenkomstig die bepalings van subartikels (2) en (3) van genoemde artikel 5A word hierby verklaar dat klipstapels opgerig is om die grond, wat deur die ver-

Administrator's Notice 234

25 February, 1976

DECLARATION, DEVIATION AND WIDENING OF
PUBLIC ROADS: DISTRICT OF SCHWEIZER-
RENEKE.

In terms of the provisions of sections 5(1)(b), 5(1)(c), 5(1)(d) and sections 3 and 5A of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) the Administrator hereby deviates and increases the width of the road reserve of public roads 728 and 912 over the farms Makaaauwkop 167-H.O., De Hoop 198-H.O., Diamanddoorns 169-H.O. and Doornhoek 165-H.O., district of Schweizer-Reneke and declares that a public road shall exist over the farms Makaaauwkop 167-H.O., De Hoop 198-H.O. and Diamanddoorns 169-H.O., as an extension of district road 1227.

The general direction, situation and extent of the aforesaid deviations and increase in the road reserve width are shown on the subjoined sketch plan.

In terms of the provisions of subsections (2) and (3) of the said section 5A it is hereby declared that cairns

leggings en vermeerdering van die reserwebreedte van voornoemde openbare paaie in beslag geneem word, af te merk.


U.K.B. 2422/2/12/1975
DP. 07-074S-23/22/912

have been erected to demarcate the land taken up by the aforesaid deviations and increase in the road reserve width.

E.C.R. 2422/2/12/1975
DP. 07-074S-23/22/912

DP 07-074S-23/22/912

UKB VAN
2422 75.12.02
ECR OF



BESTAANDE PAAIE	=====	EXISTING ROADS
PAAIE GESLUIT	=====	ROADS CLOSED
PAAIE VERLEEN	=====	ROADS DEVIATED AND
VERBREED	=====	WIDENED
WISSELENDE	=====	ROADS WIDTHS OF
BREEDTES VAN	=====	25-115 m. (a-b
25-115m.(a-b en c-d)	=====	and c-d)
PAD VERKLAAR MET	=====	ROAD DECLARED WITH
WISSELENDE BREED-	=====	VARIOUS WIDTHS OF
TES VAN 25-115 m	=====	25-115 m AS EX-
AS VERLENGING	=====	TENSION OF 1227.
VAN 1227. (e-f)	=====	(e-f)



Administrateurskennisgewing 236 25 Februarie 1976

Verbetering van Administrateurskennisgewing 1987 van 19 November 1975, in verband met die wysiging van die reserwe van pad 37 binne die Munisipale gebied van Pretoria.

Bogenoemde kennisgewing word hiermee verbeter deur die koördinate stelsel Lo 31° te vervang met Lo 29° asook die konstantwaarde van die X koördinaat nl. +2 600 000,00 (int.m.) te vervang met +2 800 000,00 (int. m.).

U.K.B. 2229(52)/4/11/1975
DPH. 012-14/9/3 Vol. 4

Administrateurskennisgewing 237 25 Februarie 1976

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 1/793.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat nademaal 'n fout in Johannesburg-wysigingskema 1/793 ontstaan het, het die Administrateur goedgekeur dat die skema reggestel word deur die invoeging in voorwaarde 3 van Bylae "E" 277 tot Kaart No. 3 van die woorde "of naby" tussen die woorde "op" en "die perseel".

PB. 4/9/2/2/793

Administrateurskennisgewing 238 25 Februarie 1976

ROODEPOORT - MARAISBURG - WYSIGINGSKEMA 1/143.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat nademaal 'n fout in Roodepoort-Maraiburg-wysigingskema 1/143 ontstaan het, het die Administrateur goedgekeur dat die fout in die skema reggestel word deur vervanging van die Kaart 3, die Bylae tot Kaart 3 en die skemaklousules met 'n nuwe Kaart 3, Bylae tot Kaart 3 en die skemaklousules.

PB. 4-9-2-30-143

Administrateurskennisgewing 239 25 Februarie 1976

ROODEPOORT - MARAISBURG - WYSIGINGSKEMA 1/174.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Roodepoort-Maraiburg-dorpsaanlegskema 1, 1946, gewysig word deur die hersonering van Erf 2940, dorp Witpoortjie van "Spesiaal", "Munisipaal" en "Deel van Hulleyweg" tot "Spesiaal" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en die Stadsklerk, Roodepoort, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Roodepoort-Maraiburg-wysigingskema 1/174.

PB. 4-9-2-30-174

Administrator's Notice 236 25 February, 1976

Correction of Administrator's Notice 1987 of 19 November 1975 in connection with the amendment of the reserve of road 37 within the Municipal area of Pretoria.

The abovementioned Administrator's Notice is hereby corrected by the substitution for the co-ordinate system Lo 31° by Lo 29° as well as the constant value of the X co-ordinate +2 600 000,00 (int. m.) by +2 800 000,00 (int. m.).

E.C.R. 2229(52)/4/11/1975
DPH. 012-14/9/3 Vol. 4

Administrator's Notice 237 25 February, 1976

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 1/793.

It is hereby notified in terms of section 38 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that whereas an error occurred in Johannesburg Amendment Scheme 1/793, the Administrator has approved the correction of the scheme by the insertion in condition 3 of Annexure "E" 277 to Map No. 3 of the words "or near" between the words "on" and "the site".

PB. 4/9/2/2/793

Administrator's Notice 238 25 February, 1976

ROODEPOORT - MARAISBURG AMENDMENT SCHEME 1/143.

It is hereby notified in terms of section 38 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that whereas an error occurred in Roodepoort-Maraiburg Amendment Scheme 1/143, the Administrator has approved the correction of the scheme by the substitution of the Map 3, the Annexure to Map 3 and the scheme clauses by a new Map 3, Annexure to Map 3 and scheme clauses.

PB. 4-9-2-30-143

Administrator's Notice 239 25 February, 1976

ROODEPOORT - MARAISBURG AMENDMENT SCHEME 1/174.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Roodepoort-Maraiburg Town-planning Scheme 1, 1946, by the rezoning of Erf 2940, Witpoortjie Township, from "Special", "Municipal" and "Portion of Hulley Road" to "Special" with a density of "One dwelling per erf" subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Roodepoort, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Roodepoort-Maraiburg Amendment Scheme 1/174.

PB. 4-9-2-30-174

Administrateurskennisgewing 240 25 Februarie 1976

PRETORIASTREEK-WYSIGINGSKEMA 503.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Pretoriastreek-dorpsaanlegskema 1960, gewysig word deur die hersonering van Erf 928, dorp Doringkloof, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 10 000 vk. vt."

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en die Stadsclerk, Verwoerdburg, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoriastreek-wysigingskema 503.

PB. 4-9-2-93-503

Administrateurskennisgewing 241 25 Februarie 1976

BETHAL-WYSIGINGSKEMA 1/36.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Bethal-dorpsaanlegskema 1, 1952, gewysig word deur die hersonering van 'n deel van Gedeelte 1 van Erf 717, dorp Bethal, van "Onderwys" tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 250 m²".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en die Stadsclerk, Bethal, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Bethal-wysigingskema 1/36.

PB. 4-9-2-7-36

Administrateurskennisgewing 242 25 Februarie 1976

VERKLARING VAN GOEDGEKEURDE DORP.

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Bedfordview Uitbreiding 198 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB. 4-2-2-4658

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR KEITH ROBERTSON INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 616 (N GEDEELTE VAN GEDEELTE 36) VAN DIE PLAAS ELANDSFONTEIN 90-I.R., PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES.
(1) Naam.

Die naam van die dorp is Bedfordview Uitbreiding 198.

Administrator's Notice 240 25 February, 1976

PRETORIA REGION AMENDMENT SCHEME 503.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Pretoria Region Town-planning Scheme 1960, by the rezoning of Erf 928, Doringkloof Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per erf" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 10 000 sq. ft."

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Verwoerdburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Pretoria Region Amendment Scheme 503.

PB. 4-9-2-93-503

Administrator's Notice 241 25 February, 1976

BETHAL AMENDMENT SCHEME 1/36.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Bethal Town-planning Scheme 1, 1952, by the rezoning of a part of Portion 1 of Erf 717, Bethal Township, from "Educational" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1 250 m²".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Bethal, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Bethal Amendment Scheme 1/36.

PB. 4-9-2-7-36

Administrator's Notice 242 25 February, 1976

DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP.

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Bedfordview Extension 198 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB. 4-2-2-4658

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY KEITH ROBERTSON UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 616 (A PORTION OF PORTION 36) OF THE FARM ELANDSFONTEIN 90-I.R., PROVINCE TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.
(1) Name.

The name of the township shall be Bedfordview Extension 198.

(2) *Ontwerp van die Dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. A.267/75.

(3) *Strate.*

- (a) Die dorpseienaar moet die strate in die dorp vorm, skraap en onderhou tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat dié aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word. Met dien verstande dat die Administrateur geregtig is om die dorpseienaar van tyd tot tyd gedeeltelik of geheel van die aanspreeklikheid te onthef na raadpleging met die plaaslike bestuur.
- (b) Die dorpseienaar moet op eie koste alle hindernisse in die straatreserwes tot bevrediging van die plaaslike bestuur verwyder.

(4) *Begiftiging.*

- (a) Betaalbaar aan die plaaslike bestuur:

Die dorpseienaar moet as begiftiging aan die plaaslike bestuur bedrae geld betaal gelykstaande met:

- (i) 15% van die grondwaarde van erwe in die dorp, welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir die bou van strate en/of stormwaterdreinerings in of vir die dorp; en
- (ii) 3% van die grondwaarde van erwe in die dorp, welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir die verkryging en/of ontwikkeling van parke binne sy regsgebied.

Sodanige begiftiging moet ooreenkomstig die bepalinge van artikel 74 van die bedoelde Ordonnansie betaal word.

- (b) Betaalbaar aan die Transvaalse Onderwysdepartement:

Die dorpseienaar moet 'n begiftiging vir onderwysdoeleindes aan die Direkteur, Transvaalse Onderwysdepartement betaal. Die bedrag van sodanige begiftiging moet gelykstaande wees met die grondwaarde van spesiale woongrond in die dorp, die grootte waarvan bepaal moet word deur 48,08 m² met die getal spesiale woonerwe in die dorp te vermenigvuldig.

Die waarde van die grond moet ingevolge die bepalinge van artikel 74(3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bepaal word en die begiftiging moet ingevolge die bepalinge van artikel 73 van die gemelde Ordonnansie betaal word.

(5) *Beskikking oor Bestaande Titellovoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitute as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

- (6) *Verskuiwing of Vervanging van Munisipale Dienste.*

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

(7) *Nakoming van Voorwaardes.*

Die dorpseienaar moet die stigtingsvoorwaardes nakom en die nodige stappe doen om te sorg dat die titellovoor-

(2) *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. A.267/75.

(3) *Streets.*

- (a) The township owner shall form, grade and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority. Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the township owner wholly or partially from this obligation after reference to the local authority.
- (b) The township owner shall, at his own expense, remove all obstacles from the street reserves to the satisfaction of the local authority.

(4) *Endowment.*

- (a) Payable to the local authority:

The township owner shall pay to the local authority as endowment, sums of money equal to:

- (i) 15% of the land value of erven in the township which amount shall be used by the local authority for the construction of streets and/or stormwater drainage in or for the township; and
- (ii) 3% of the land value of erven in the township, which amount shall be used by the local authority for the acquisition and/or development of parks within its area of jurisdiction.

Such endowment shall be paid in accordance with the provisions of section 74 of the aforesaid Ordinance.

- (b) Payable to the Transvaal Education Department:

The township owner shall pay an endowment for educational purposes to the Director, Transvaal Education Department. The amount of such endowment shall be equal to the land value of special residential land in the township the extent of which shall be determined by multiplying 48,08 m² by the number of special residential erven in the township.

The value of the land shall be determined in terms of the provisions of section 74(3) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, and the endowment shall be payable in terms of the provisions of section 73 of the said Ordinance.

(5) *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

(6) *Removal or Replacement of Municipal Services.*

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

(7) *Enforcement of Conditions.*

The township owner shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure

waardes en enige ander voorwaardes opgelê kragtens artikel 62 van Ordonnansie 25 van 1965, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die dorpseienaar van almal of enigen van die verpligtings te onthef en om sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam met regspersoonlikheid te laat berus.

2. TITELVOORWAARDES.

Alle Erwe.

Alle erwe is onderworpe aan die voorwaardes hierna genoem, opgelê deur die Administrateur kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

- (i) Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir rio-lerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, 2 m breed, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straat-grens, soos deur die plaaslike bestuur bepaal.
- (ii) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde servituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die ge-bied van sodanige servituut of binne 'n af-stand van 2 m daarvan geplant word nie.
- (iii) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige ma-teriaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van so-danige rioolhoofpyleidings en ander werke wat hy volgens goeiddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde servituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel; onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke veroorsaak word.

Administrateurskennisgewing 243 25 Februarie 1976

BEDFORDVIEW-WYSIGINGSKEMA 1/115.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goed-keuring verleen het om Bedfordview-dorpsaanlegskema 1, 1948, te wysig om ooreen te stem met die stigtings-voorwaardes en die algemene plan van die dorp Bed-fordview Uitbreiding 198.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaas-like Bestuur, Pretoria, en die Stadsklerk, Bedfordview, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Bedfordview-wysi-gingskema 1/115.

PB. 4-9-2-46-115

the enforcement of the conditions of title and any other conditions imposed in terms of section 62 of Ordinance 25 of 1965: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the township owner of all or any of the obligations and to vest such obligations in any other person or corporate body.

2. CONDITIONS OF TITLE.

All Erven.

All erven shall be subject to the conditions hereinafter set forth, imposed by the Administrator under the provi-sions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

- (i) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two bound-aries other than a street boundary as deter-mined by the local authority.
- (ii) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.
- (iii) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the afore-said servitude, such material as may be exca-vated by it during the course of the construc-tion, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be en-titled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

Administrator's Notice 243 25 February, 1976

BEDFORDVIEW AMENDMENT SCHEME 1/115.

It is hereby notified in terms of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Bed-fordview Town-planning Scheme 1, 1948, to conform with the conditions of establishment and the general plan of Bedfordview Extension 198 Township.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Govern-ment, Pretoria, and the Town Clerk, Bedfordview, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Bedfordview Amend-ment Scheme 1/115.

PB. 4-9-2-46-115

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 86 VAN 1976.

RANDBURG-WYSIGINGSKEMA 211.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar mnr. B. G. Fyfe, Posbus 78370, Sandton aansoek gedoen het om Randburg-dorpsaanlegskema 1954, te wysig deur die hersonering van Erf 255, geleë aan Westlaan, dorp Ferndale van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 500 m²".

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Randburg-wysigingskema 211 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsclerk van Randburg ter insae.

Enige beswaar of verhoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsclerk, Privaatsak X1, Randburg skriftelik voorgelê word.

E. UYS,

Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 18 Februarie 1976.

PB. 4-9-2-132-211
18-25

KENNISGEWING 87 VAN 1976.

BENONI-WYSIGINGSKEMA 1/153.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar mnr. Maryden (Edms.) Bpk., P/a mnr. Swart, Olivier en Prinsen, Posbus 2405, Pretoria aansoek gedoen het om Benoni-dorpsaanlegskema 1, 1947 te wysig deur die skraping van voorwaarde 3 op Vel 11B tot Bylae "A" van Benoni-wysigingskema 1/67 en die vervanging daarvan deur 'n nuwe voorwaarde 3.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Benoni-wysigingskema 1/153 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsclerk van Benoni ter insae.

Enige beswaar of verhoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsclerk, Privaatsak X1014, Benoni skriftelik voorgelê word.

E. UYS,

Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 18 Februarie 1976.

PB. 4-9-2-6-153
18-25

GENERAL NOTICES

NOTICE 86 OF 1976.

RANDBURG AMENDMENT SCHEME 211.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (as amended) that application has been made by the owner Mr. B. G. Fyfe, P.O. Box 78370, Sandton for the amendment of Randburg Town-planning Scheme 1954 by the rezoning of Erf 255 situated on West Avenue, Ferndale Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per erf" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1 500 m²".

The amendment will be known as Randburg Amendment Scheme 211. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Randburg and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, Private Bag X1, Randburg at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,

Director of Local Government.

Pretoria, 18 February, 1976.

PB. 4-9-2-132-211
18-25

NOTICE 87 OF 1976.

BENONI AMENDMENT SCHEME 1/153.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (as amended) that application has been made by the owner Messrs. Maryden (Pty.) Ltd. C/o Messrs. Swart, Olivier and Prinsen, P.O. Box 2405, Pretoria for the amendment of Benoni Town-planning Scheme 1, 1947 by the deletion of condition 3 on Sheet 11B of Annexure "A" of Benoni Amendment Scheme 1/67 and the substitution therefor of a new condition 3.

The amendment will be known as Benoni Amendment Scheme 1/153. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Benoni and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, Private Bag X1014, Benoni at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,

Director of Local Government.

Pretoria, 18 February, 1976.

PB. 4-9-2-6-153
18-25

KENNISGEWING 88 VAN 1976.

BEDFORDVIEW-WYSIGINGSKEMA 132.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar mev. A. M. Kidson, P/a mnre. Dent, Course en Davey, Posbus 3243, Johannesburg aansoek gedoen het om Bedfordview-dorpsaanlegkema 1, 1958, te wysig deur die hersonering van Erf 269, geleë aan Douglasweg, dorp Bedfordview Uitbreiding 64, vanaf "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 20 000 vk. vt."

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Bedfordview-wysigingskema 132 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Bedfordview ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Posbus 3, Bedfordview, skriftelik voorgelê word.

E. UYS,

Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 18 Februarie 1976.

PB. 4-9-2-46-132
18-25

KENNISGEWING 89 VAN 1976.

KLERKSDORP-WYSIGINGSKEMA 1/97.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar Dr. O. A. S. Marais, P/a mnre. Erasmus Jooste en Kie., Posbus 61 Klerksdorp aansoek gedoen het om Klerksdorp-dorpsaanlegkema 1, 1947 te wysig deur die hersonering van Erve 1099, 1100 en 1103 geleë op die hoek van Anderson- en Johanna van der Merwestraat, dorp Klerksdorp, van "Algemene Woon" tot "Algemene Besigheid".

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Klerksdorp-wysigingskema 1/97 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Klerksdorp ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Posbus 99, Klerksdorp skriftelik voorgelê word.

E. UYS,

Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 18 Februarie 1976.

PB. 4-9-2-17-97
18-25

NOTICE 88 OF 1976.

BEDFORDVIEW AMENDMENT SCHEME 132.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (as amended) that application has been made by the owner Mrs. A. M. Kidson, C/o. Messrs. Dent, Course and Davey, P.O. Box 3243, Johannesburg for the amendment of Bedfordview Town-planning Scheme 1, 1958, by rezoning Erf 269, situated on Douglas Road, Bedfordview Extension 64 Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per erf" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 20 000 sq. ft."

The amendment will be known as Bedfordview Amendment Scheme 132. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Bedfordview and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 3, Bedfordview at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,

Director of Local Government.

Pretoria, 18 February, 1976.

PB. 4-9-2-46-132
18-25

NOTICE 89 OF 1976.

KLERKSDORP AMENDMENT SCHEME 1/97.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (as amended) that application has been made by the owner Dr. O. A. S. Marais, C/o. Messrs. Erasmus Jooste and Co., P.O. Box 61, Klerksdorp for the amendment of Klerksdorp Town-planning Scheme 1, 1947 by rezoning Erven 1099, 1100 and 1103, situated on the corner of Anderson Street and Johanna van der Merwe Street, Klerksdorp Township, from "General Residential" to "General Business".

The amendment will be known as Klerksdorp Amendment Scheme 1/97. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Klerksdorp and at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. Box 99, Klerksdorp at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,

Director of Local Government.

Pretoria, 18 February, 1976.

PB. 4-9-2-17-97
18-25

KENNISGEWING 90 VAN 1976.

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 1/884.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar "German Evangelical Lutheran Congregation of Johannesburg" P/a mnr. W. Helmrich, Posbus 7, Johannesburg aansoek gedoen het om Johannesburg-dorpsaanlegskema 1, 1946 te wysig deur die hersonering van Standplaas 4688 begrens deur Twiststraat, Edith Cavell- en Kapteijnstraat, dorp Johannesburg van "Algemene Woon" Hoogtestreek 2 om plekke van onderrig, openbare godsdiens oefening, geselligheidsale, inrigtings en ontspanningsklubs (met die toestemming van die Stadsraad) toe te laat tot "Spesiaal" Gebruikstreek V11 om residensiële geboue, plekke van onderrig, plekke van openbare godsdiens oefening, geselligheidsale, inrigtings, ontspanningsklubs, vermaaklikheidsplekke en met die toestemming van die Stadsraad, spesiale geboue, op te rig, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Johannesburg-wysigingskema 1/884 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Johannesburg ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Posbus 1049, Johannesburg skriftelik voorgelê word.

E. UYS,

Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 18 Februarie 1976.

PB. 4-9-2-2-884

18-25

KENNISGEWING 91 VAN 1976.

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK-WYSIGINGSKEMA 869.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (soos gewysig) bekend gemaak dat die eienaar mnr. R. H. Chapman, Katherinestraat 107, Sandown aansoek gedoen het om Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema 1958 te wysig deur die hersonering van Lotte 33 en 34 geleë aan Katherinestraat, dorp Sandown, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 4 000 m²" tot "Spesiaal" vir die oprigting van enkelverdieping en/of duplexwooneenhede onderworpe aan sekere voorwaardes.

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Noordelike Johannesburgstreek-wysigingskema 869 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Sandton ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria

NOTICE 90 OF 1976.

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 1/884.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (as amended) that application has been made by the owner German Evangelical Lutheran Congregation of Johannesburg, C/o. Mr. W. Helmrich, P.O. Box 7, Johannesburg for the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme 1, 1946 by rezoning Stand 4688 bounded by Twist Street, Edith Cavell Street and Kapteijn Street, Johannesburg Township from "General Residential" Height Zone 2 permitting places of instruction, places of public worship, social halls, institutions and recreation clubs (with the consent of the Council) to "Special" Use Zone V11 for the purpose of erecting thereon residential buildings, places of instruction, places of public worship, social halls, institutions, recreation clubs and a place of amusement and, with the consent of the Council, special buildings subject to certain conditions.

